“It is not the possession of good things which brings happiness—it is the ability to enjoy what comes. Happiness is an aptitude.”—*Grasset*.

Ons Leesstof Word op Prys Gestel

N. COWLEY

DIT is verbasend om te sien hoe groot ons leeskring is, en hoeveel verskillende nasies dit bevat. Ek het van ons boeke gevind in die huise van Jode, Hindoes, Mohammedane, en ander sektes. Dit is waar dat vele ons boeke koop om hulle nooit te lees nie, maar die diensmaag van die Here het dit voorspel en gesê dat God Sy waarheid sal bewaar, en dat dit gouer of later gevind en gelees sal word. Hoewel daar baie is wat onverskillig is teenoor ons boeke, is daar ook baie wat ons boeke waardeur en daarin geestelike verkwikking, troos, en krag vind.

Ek onthou nog goed hoe ek eendag 'n godvresende ou dame ontmoet het terwyl ek gekolporteur het. Sy het my verseker dat sy 'n boek het wat baie beter as myne was. Sy het die boek so lief gehad dat dit die plek van haar Bybel ingeneem het. Toe ek haar om die naam van die boek vra, het sy trots geantwoord, „The Coming King.” (’n Boek wat twintig jaar gelede in Suid-Afrika verkoop was. F.E.P.) Sy het later aan my verduidelik dat iemand die boek geleen het en nooit weer teruggebring het nie. Sy wou baie graag 'n ander eksemplaar hê. Toe ek haar verseker het dat sy een kon kry, was sy baie bly.

Die waarde wat die ou dame aan daardie boek geheg het, het 'n diep indruk op my gemaak, en dit is 'n gedurige bemoediging vir my in my werk. Ons moenie verwag dat alle mense wat ons boeke koop Sewende-dag Adventiste sal word nie. Sels Jesus het nie alle mense tot bekering gebring nie; en Hy het dit ook nie verwag. Dus moet ons nie ontmoedig word as bevooroordeelde persone weier om ons boeke te lees nie. Die feit dat baie opregte siele ons leesstof wel op prys stel en die waarheid aanneem behoort vir ons 'n sterk aanmoediging te wees om met groter ywer ons leesstof te versprei.

Doodsberg

MINNIE.—Vader Minnie het sag in die Here ontslaap op 22 November 1935, na 'n siekbed van slegs enige dae. Hy was 78 jaar oud.

Ongeveer twintig jaar gelede onder be-
arbeiding van wyle Broeder David Groenewald het hy die derde engel boodskap aangeneem en hy was 'n getroue en ywerige lid van die Doornpoort gemeente tot die dag van sy dood. Hy was een van die stilles in die land maar iemand met groot invloed omdat hy 'n man van gebed was. Sy invloed het uitgegaan tot die hele omgewing waar hy vir meer as veertig jaar gewoon het. Verskeie persone het by die graf getuig van sy saggeaardheid en van sy gebedslewe. Van hom kan gesê word „hier is die lydszaamheid van die heiliges.” Vroeg smorens, as die dag breek, het hy sy morele gesing en kort daarna, in die voorvertrek van die ou boerewoning, het sy gebed ten hemel gestyg. Met tye gedurende die dag het hy sy skrede gewend na 'n klein peerboom in die popeliebos waar 'n klompie klippe op 'n hoop lê, en daar in die eensaamheid het hy sy hart voor sy Skepper uitgestort. Waarlik „kosbaar is in die oë van die Here die dood van Sy gunsgenote.”

Die begrafnis was onder blyke van groot belangstelling deur my gehou. Daar was honderde mense wat van heinde en ver gekom het om die laaste eer aan hom te bewys. Ons betug ons medelyde met die moeder, haar kinders en kleinkinders. Ons treur saam met hulle maar nie soos dié wat geen hoop het nie terwyl ons die salige hoop en die verskyning verwag van die grote God en ons Verlosser.

B. P. DE BEER.

“THE work of the colporteur is elevating and will prove a success if he is honest, earnest and patient, steadily pursuing the work he has undertaken. His heart must be in the work.”—*Manual to Canvassers*, page 18.



Colporteur Institute, Helderberg College, 1935.

Die Weg Word Gebaan in Rhodesië

J. COOKS

SUIDELIKE Rhodesië is die eerste heidense land waar ons met die waarheid ingedring het. Neem 'n kaart van Suidelike Rhodesië en trek 'n lyn van Saw Mills op die noordelike spoorweg, deur Que Que tot Marandellas en dan sal u die land omtrent in die helfte sny. In die deel ten noorde van daardie lyn het ons maar baie min werkers.

Ons kolporteurs vorm nog die voorhoede van die boodskap. Onlangs het een van hulle Gokwe, in die hartjie van hierdie onbewerkte deel, besoek. Toe hy die mense vertel het van die spoedigkomende Heiland en sy leesstof verkoop het, het die ou kaptein hom gesmeek om ons te vra om vir hulle 'n onderwyser te stuur sodat hulle die boodskap wat die boeke bevat kan lees.

'n Paar weke gelede het ons 'n kolporteur-evangelis na Gatooma gestuur om die werk in daardie streek te begin, en ons hoop om eerlank een in die Salisbury lokasie te plaas. Ons Europese kolporteur en sy vrou doen uitstekende werk onder die mense van daardie dorp.

Met verlede somervakansie het ons een van die Solusi studente gestuur om op die goud myne ten noorde van Salisbury te kolporteer. Daarvandaan het hy as volg geskrywe, „Ek het twee manne en twee vrouens hier wat die waarheid aangeneem het.”

Ons kan nie help om te besef dat die leesstofbediening die middel is wat God gebruik om die weg vir ons werk voor te berei, en om die evangelie na die donker dele van die aarde te bring. Sal u nie hierdie edele manne voor die troon van genade gedenk nie?

Die Verantwoordelikheid van Elke Sewende-dag Adventis

„DANK die Here vir diegene wat gewillig is om hul lewens aan die leesstofbediening te wy. Dit is alles goed en wel om diegene te eer wat hierdie werk doen, maar die verantwoordelikheid vir hierdie werk rus op elke lid van die genootskap.

„Aan ons predikante en sendingdirekteurs sê ek, dit is ons plig en verantwoordelikheid om sorg te dra vir die kolporteurwerk, om alles in u vermoë te doen om die verspreiding van ons leesstof te bevorder, en om die kolporteurs aan te moedig om hul bes te doen. Dit is u plig om jongmense op te lei om kolporteurwerk te onderneem.”

J. H. McELHANY,

Vise-President, Wêreldkonferensie.

✻ ✻

Wonderbaarlike Vrugte

DIE foto wat u op bladsy vier sien is die van 'n prins in die natuurle afdeling van die leesstofbediening. By hom is daar sewen-en-veftig gedoopte lede wat tot die waarheid gewin is as vrugte op sy werk.

Anderson was in 1932 in diens van een van ons werkers. In sy vry tyd het hy boeke verkoop in Blantyre. Later het hy, deur die Gees van God gelei, homself heeltemal gewy aan die leesstofbediening. Na hy sy betrekking opgegee het — wat baie winsgewend was vir 'n naturel — het hy die werk van kolporteur in alle erns aangepak.

Stil, dog volhardend, het hy werk gedoen onder die armoedige naturelle van die land. Baie van hulle verdien skaars 'n

sieling per maand, en Anderson was dikwels verplig om katoen, groente, en vrugte te neem as betaling vir sy boeke. Later het hy weer hierdie produkte verkoop. Dit het dubbele werk veroorsaak, maar dit het geen saak gemaak nie so lank hy maar die boodskap aan sy landgenote kon bring. Baie van diegene wat hy besoek het kon nie lees nie, en dus moes Anderson baie kostelike tyd bestee om die blye tyding aan hulle te verkondig.

Stadigaan was daar belangstelling opgewek. Sowel diegene wat sy boeke gelees het as dié wat sy boodskap gehoor het wou meer weet, met die gevolg dat Anderson eindelijk verplig was om die mense in groepe te vorm en hulle saans te onderrig.

En vandag, nadat hy twee jaar in die leesstofbediening is, het Anderson die voorreg om sewen-en-veftig van sy landgenote in Christus te verwelkom. Maar dis nie al nie. Daar is nog 108 in die Bybelklasse, waarvan sewen-en-dertig voor die einde van 1935 sal gedoop word.

„Die Here kom alle eer toe,” sê Anderson, „ek het goeie rede om te glo dat kolporteurwerk beter is as ander werk, en ek is vasberade om aan te hou werk vir my eie mense sodat ek meer van hulle tot Christus kan win.”

Mag hierdie rapport van getroue en vrugbare diens ons mense in hierdie Divisie besiel om die leesstofbediening te ondersteun.

✻ ✻

Met Ons Leesstof in Masjonaland

Op bladsy vier sien ons Broeder Schoeman en sy vrou, besig om ons leesstof te versprei onder die inwoners van Masjonaland, Suidelike Rhodesië. Op ver afgeleë plekke het hy opregte siele gevind wat gretig is om die waarheid te hoor. Een van die boere daar het die Sabbat waarheid negentien jaar gelede ontdek terwyl hy besig was om sy Bybel te lees. Hy was baie bly om die geleentheid te hê om 'n dieper studie van die onderwerp te maak gedurende die paar aande wat Broeder Schoeman in daardie buurt was.

Uit een van die ondervindings wat Broeder Schoeman onlangs gehad het blyk dit hoe God die deure vir Sy getroue diensknegte oopmaak. Hy was deur 'n teenstander van die waarheid gewaarsku om nie 'n sekere voorstadje van Salisbury, genoem Hotfield, te besoek nie. Hulle het hom beskuldig dat hy 'n bedriër is. Ons broeder het hom egter nie aan die waarskuwing gesteur nie, en het baie bestellings vir „Bible Readings,” „This Mighty Hour,” en „Great Controversy” in daardie buurt geneem. Hy het drie boeke aan 'n lid van die N. G. kerk verkoop. Broeder Schoeman gee al die eer aan God. Hy en sy vrou is gelukkig in die werk en is vasberade om voorwaarts te gaan met die leesstofbediening omdat dit die werk vir hierdie dae is.



Gulde Geleentheid vir die Jongmense

E. W. MARTER

Dit is nou nege jaar gelede dat ek die eerste maal die onbekende ingegaan het gewapen met net 'n prospektus. Sedert daardie tyd het ek vyf jaar diens gedoen in verskillende dele waar ek die vreugde, die moontlikhede, asook die moeilikhede van die leesstofbediening ondervind het. Elkeen van die vyf jaar het ek in 'n verskillende provinsie deurgebring. Vir twee jaar was ek Veld-sendingssekretaris van die Samesie Unie en was grotendeels besig gehou met werk onder die naturelle en Indiërs. Vir die afgelope twee jaar het ek gekolporteer onder die sakemanne van die Unie.

Ek is oortuig dat daar geen werk is wat, as dit verstandig en met erns aangepak word, sterker karakters sal bou en die waarheid gouer sal versprei as die kolporteerwerk nie.

In hierdie verband is daar baie openinge. Behalwe die boodskap in die vorm van leesstof aan die mense te gee, is daar ook geleentheid om die gebroekenes van hart te vertrou met die beloftes van God, om dié wat na lig soek te bemoedig, om die struikelblokke van valse wetenskap, vooroordeel, en dwaalleer weg te ruim, en om vriende vir die volk van God te maak.

As u hierdie soort ondervinding wil hê; as u u lewe wil bestee om ander siele op die lewensweg te help, dan hoef u nie ledig op die mark te staan en sê dat niemand u gehuur het nie. Op hierdie elfde uur nooi die Here van die oes u dringend om in Sy wingerd te gaan werk, en Hy belowe om u te betaal „wat reg is.” Vir jong manne wat hul lewe aan hierdie werk wil bestee staan die deur wyd oop. Daar is baie plek in Suid-Afrika. As u die Here lief het en bo alles begeer om met Hom saam te werk om vermoede siele te lei na geregtigheid en rus, dan hoef u nie te wag dat die konferensie u moet aanstel nie. Soek die aangesig van die Here ernstiglik om Sy wil aan u bekend te maak, en as Hy u roep om deur middel van leesstof vir Hom te getuig, tree dan dadelik in verbinding met u Veld-Sendingssekretaris.

Ek glo dat die Here jong manne roep om hul lewe te bestee aan die leesstofbediening totdat Hy kom. Daar is duisende in Suid-Afrika wat nog nooit 'n Adventiste kolporteur gesien het, of 'n Adventiste boek gelees het. Daar is jongmense wat nooit Adventiste lesings sal bywoon al sou hulle ook die kans hê. Hulle moet persoonlik opgesoek word en die boodskap moet aan hulle gebring word.

Hierdie werk sal nie eer, posisie, of die applous van die mens aan u bring nie; maar dit sal aan u 'n ryke ondervinding, 'n groot tevredenheid, ware blydskap, die dank van mense, die vriendskap van vele, en bo alles die goedkeuring van God besorg. Dit vereis die uithou vermoë, die vindingrykheid, die taaiheid, die wakkerheid, die aanpassingsvermoë, die optimisme, die moed, en die blymoedigheid van die jeug om hierdie werk te doen.

'n „Goue” Werk

Toe ek onlangs op 'n plaas gekom het, het die eienaar my gevra waar ek vandaan kom. Toe ek sê „van die Rand,” het hy gevra, „Het jy goud saam gebring?” Ek het ontkenkend geantwoord.

Hy het my gevra om die nag daar oor te bly. Die more voor my vertrek het ek die hele gesin gevra om my boek „Bible Readings” te ondersoek. Na ek die boek deeglik voorgestel het, en na ek baie vrae beantwoord het, het die ou boer gesê: „Toe ek jou gisteraand gevra het of jy goud saamgebring het, het jy gesê nee, maar jy het gewis goud in die vorm van hierdie goeie boek.” Hy het 'n boek bestel en 'n deposito daarop betaal.

Ja, die leesstofbediening is 'n „goue” werk.

J. J. OOSTHUIZEN.
(Natal.)

'n Versoerende Werk

Drie maande gelede het ek die „Home Physician” aan 'n vrou verkoop. Onlangs het ek weer hierdie vrou ontmoet, en sy het aan my vertel dat sy jare gelede tot bekering gekom het, maar dat sy weer afgedwaal het. „Nou het ek weer my hart aan die Here gegee,” het sy gesê. Ek het my saam met haar verbly en haar gevra hoe dit gebeur het. Haar antwoord was dat 'n blad genoem *Die Tekens van die Tye* aan haar gestuur was deur 'n onbekende persoon. Die artikels in die blad het haar weer tot die Here gebring.

Ek het toe verduidelik dat dit ek was wat aan haar die blad gestuur het. Hierdie ondervinding het my nuwe moed vir my werk gegee.

A. VAN DER BERGHE.
(Transvaal.)

'n Vrugbare Werk

ALMAL het geleentheid om siele te win, en watter seën is dit vir die kolporteur-evangelis as hy vrugte op sy arbeid sien. Ons kerkie op Kingwilliamstown het my in my leesstofbediening ondersteun met die gevolg dat daar binne die afgelope twaalf maande ses nuwe lede tot die kerk toegetree het.

Mag die Here ons help om nog meer dierbare siele vir Hom te win is my vurige bede.

(MEV.) I. SERGEL.
(Kingwilliamstown.)

'n Edele Werk

Die leesstofbediening is die weg tot geluk vir beide die kolporteur en die koper. Aan die koper bied dit waarheid en lig aan in plaas van dwaalleer en duisternis; so word sy lewe verbly en word hy in die weg van vrede gely. In sy getroue pogings om die koninkryk van die Here uit te brei, kom daar tot die kolporteur vrede en vreugde—'n vrede en vreugde wat geen wêreldse beroep kan bring nie. Die leesstofbediening is 'n edele werk en ek is bly dat ek kan deel hê daarin.

W. A. RETIEF.
(Transvaal.)

'n Groot Werk

Tor nou toe het ek my werk nog baie geniet. Dit is 'n groot en geseëde werk, en ek dank die Here dat ek 'n deel daaraan kan hê. Ek het die *Signs of the Times* en die *Tekens van die Tye* in oor die 500 wonings geplaas in Durban en Maritzburg. Waar hierdie blaaië maand na maand hul boodskap af lewer mag die Here die saad benat sodat dit vrugte kan voortbring.

P. F. FOUCHE.
(Durban.)

'n Gelukkige Werk

Die leesstofbediening is 'n gelukkige werk al is daar kruise om te dra. Ek geniet my werk. 'n Wêreldlike organisasie het my gevra om vir hulle te werk, maar ek het dit van die hand gewys, omdat ek glo dat ek meer bevrediging sal vind en gelukkiger sal wees in die werk van Christus.

(MEJ.) S. VERMEULEN.
(Pretoria.)

'n Verheffende Werk

Die Here lei ons op 'n wonderlike wyse. Terwyl ek met die straat opstap het ek onder die indruk gekom om verder te gaan as my plan was. Ek het toe by 'n huis aangeklap en 'n vrou met betroude oë het die deur oopgemaak. Sy het my vertel dat hul seuntjie dood was en dat hulle baie hartseer en allenig was. Sy kon dit nie bekostig om my boek „Alone With God” te koop nie; maar omdat ek bewus was van die vertroostende boodskap wat dit bevat het ek besluit om dit aan haar present te gee, dog sy wou dit nie neem nie. Eindelik het ek aan haar gesê, „As u die boek nie wil neem nie, sal ek my naam daarin skrywe en dan kan u dit aan my terugstuur as u dit klaar gelees het.” Sy het ingewillig en my vriendelik bedank. Die volgende dag het ek haar weer besoek; met trane van blydskap het sy my bedank en gesê: „Waarlik die Here het jou gister na my toe gestuur. Ek het meer troos in daardie boek gevind as uit enig iets anders. Baie dankie vir u besoek. Kom asseblief weer.”

Ek voel dat dit verheffend is om te kolporteer en dat dit mens digby die Here hou.

(MEJ.) L. BRISTOW.
(Brakpan.)

'n Dringende Werk

ONS behoort al ons talente en krag te bestee aan die werk wat die Here aan ons toevertrou het. Laat ons, terwyl die omstandighede nog gunstig is, ons pogings verdubbel om die saad van waarheid in hierdie groot veld te saai. Die Here vra om jong manne en vroue om die evangelie te verkondig, en Sy roepstem is dringender as ooit. Die leesstofbediening was vir my 'n groot seën en ek hoop dat baie ander jong mense daarby sal aansluit.

J. F. JONKER.
(Bloemfontein.)

Finale Oproep

GEACTE BROEDERS,

Ek doen 'n beroep op al ons lede op die afgeleë plekke in hierdie groot veld om die kampdienste van 15 tot 25 Januarie by te woon op die tentoonstellinggronde, Port Elizabeth. Ek weet dat u met my die behoefte besef aan geestelike verkwikking van tyd tot tyd; die kampdienste kan juis in hierdie behoefte voorsien.

Die lede van ons werk in die Unie sal teenwoordig wees. Die broeders van die Divisie sal met ons wees, asook sommige van die broeders uit die noorde, en ons kan van 'n ware geestelike fees verseker wees.

Ek besef dat die onkoste u soms afskrik, maar behalwe die geestelike voordeel sal 'n besoek aan Port Elizabeth in Januarie-maand heeltemal aangenaam wees, en ek weet dat u liggaamlik sowel as geestelik daarby sal baat. U het ongetwyfeld baie-maal ontevrede gevoel met uself en verlang na geestelike verkwikking.

Kom na die konferensiesitting en help ons met die planne vir agressiewe werk in die toekoms, en dan kan u van Vrydag-aand af die talryke geestelike dienste geniet wat sal gehou word. Die program wat saam met hierdie oproep verskyn sal u enigszins 'n idee gee wat u te wagte kan wees—daar mag moontlik hier en daar 'n veranderinkie wees waar die een of ander broeder miskien uitval. Toewydingsdienste sal elke more gehou word onder leiding van ons senior leraars soos Leraars D. F. Tarr, W. H. Anderson, S. G. Hiten, W. C. Walston, en W. S. Hyatt—en u weet dit sal tye van groot seën wees.

Onthou die plek—Tentoonstellinggronde, Port Elizabeth.

Onthou die datum.—15 tot 25 Januarie. Onthou u bestelling met die Here en u broeders vir geestelike verkwikking.

SUGGESTIEWE PROGRAM VAN DIENSTE 17-25 JANUARIE

Vrydagaand

Spreker.—Leraar A. N. Ingle.

Sabbat

Bidstond.—Engels, Broeder E. Stevenson; Afrikaans, Broeder P. v. d. Merwe.

9:30 Sabbatskool.

11:00 Preekdiens.—Leraar J. F. Wright. (Br. Combrinck.)

2:30 Preekdiens.—Leraar A. F. Tarr. (Br. Raubenheimer.)

2:45 Kinderdiens.

2:45 Juniordiens.

2:45 Strewersdiens.

4:00 Samespreking deur Evangeliste.

Sononder.—Gemeentesang. (Br. McDonald.)

8:00 Preekdiens.—Leraar P. A. Venter.

Sondag

Bidstond.—Engels, Br. W. Hayter; Afrikaans, Broeder A. J. Herholdt.

Dienste soos op program vermeld.

Departementeel.—Sabbatskool.

11:00 Preekdiens.—Leraar J. F. Wright.

3:45 Spreker, Br. L. A. Vixie.

8:00 Spreker, Leraar W. L. Hyatt.

Maandag

Bidstond.—Engels, Br. S. Hiten; Afrikaans, Br. J. J. B. Combrinck.

Dienste soos op program vermeld.

11:30 Spreker, Leraar L. L. Moffitt.

3:45 Spreker, Leraar A. W. Staples.

Departementeel.—Uitgewers-departement.

8:00 Spreker, Leraar J. Raubenheimer.

Dinsdag

Bidstond.—Engels, Br. W. D. Eva; Afrikaans, Br. V. N. Visser.

Dienste soos op program vermeld.

Die tyd vir die kampdienste is naby en dit is so-te-sê die laaste oproep aan ons lede deur gans Suid-Afrika. As u graag 'n kamer wil bespreek, rig u versoek, met volle besonderhede, aan Posbus 256, Bloemfontein. Meld watter soort kamer u verlang en hoeveel persone daar is. Maak nou u planne om die kampdienste by te woon. Doen dadelik aansoek vir u konsessievorm.

Departementeel.—Buurtsending.

11:30 Spreker, Leraar L. L. Moffitt.

Velddag.

8:00 Spreker, Leraar J. Raubenheimer.

Woensdag

Bidstond.—Engels, Br. Fowler; Afrikaans, Br. H. Ficker.

Dienste soos op program vermeld.

Departementeel.—Strewers.

11:30 Spreker, Leraar H. M. Sparrow.

3:45 Spreker, Leraar W. L. Hyatt.

8:00 Spreker, Leraar A. W. Staples.

Donderdag

Bidstond.—Engels, Leraar Rogers; Afrikaans, Br. W. Marais.

Dienste soos op program vermeld.

Departementeel.—Opvoeding.

11:30 Spreker, Leraar H. M. Sparrow.

3:45 Spreker, Br. F. E. Potter.

8:00 Spreker, Leraar A. C. Le Butt.

Vrydag

Bidstond.—Engels, Br. D. A. Webster; Afrikaans, Br. A. Boekhout.

Dienste soos op program vermeld.

Departementeel.—Medies.

11:30 Spreker, Leraar J. F. Wright.

3:45 Spreker.—Leraar F. G. Clifford.

8:00 Spreker, Leraar W. H. Hurlow.

Sabbat

Bidstond.—Engels, Br. McDonald; Afrikaans, Br. D. A. de Beer.

Sabbatskool.

11:00 Preekdiens.—Leraar J. F. Wright.

2:30 Preekdiens.—Leraar A. F. Tarr.

4:00 Preekdiens.—Leraar A. N. Ingle.

Sononder.—Gemeentesang. (Br. McDonald.)

8:00 Preekdiens.—Leraar F. G. Clifford.

Tolke: Broeders Combrinck en Van der Merwe.

SUGGESTIEWE PROGRAM VIR DIE WEEK 17-25 JANUARIE

More

Bidstond	6:45
Ontbyt	7:45
Toewydingsdiens	8:45
Strewersdiens	8:45
Departementeel	10:00
Juniordiens	10:00
Kinderdiens	10:00
Preekdiens	11:30

Namiddag

Middagete	1:00
Raads-uur	2:30
Bybelstudie	3:45
Kinderdiens	3:45
Juniordiens	3:45
Strewersdiens	3:45
Werkers-Leke Gesellige Uur	5:00
Aandete	6:00

Aand

Koor- en Orkesoefening	7:00
Gemeentesang	7:40
Preekdiens	8:00

Sabbatmores begin die Sabbatskool om 9:30 en daarna 'n preekdiens om 11:00.

Die openingsdiens sal Vrydagaand, 17 Januarie begin.

Die konferensiesitting begin Woensdagmore, 15 Januarie, om 9:00.

Die Uwe in die Meester se diens,
A. N. INGLE, *President*.

Final Appeal

DEAR BRETHREN,

I am sending out an appeal to all of our scattered members throughout this great field to endeavour to plan very definitely on attending the camp-meeting to be held January 15-25 at Port Elizabeth Show Grounds. I know that you will realise with me the need that we have for a spiritual refreshing from time to time, and a camp-meeting can supply just that type of an experience.

The leaders of our work in the Union will be present. We will also have the Division brethren visit with us as also some of our brethren from the north, and a real spiritual feast is assured to all of us.

I realise that the expense at times seems almost prohibitive and yet not only spiritual benefit is offered, but the experience of a visit to Port Elizabeth in January is quite an attraction, and I know that physically and spiritually you can be helped

African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
MRS. J. L. MILFORD Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright President.
A. E. Nelson Treas. and Auditor
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy

by the experience. You, no doubt, at times, have felt the desire for a spiritual uplift and a dissatisfaction with your present experience.

Come along to the business session and help in the plans that will be laid for aggressive work for the coming period, and then from Friday evening join in a continued stream of meetings that will be held. The attached programme gives you some idea of what will be taking place, although there may be possibly one or two last moment changes owing to some brother or other having to fall out. Devotional meetings each day will be in charge of our senior brethren, Elders D. F. Tarr, W. H. Anderson, S. G. Hiten, W. C. Walston and W. S. Hyatt; and you know that this means a real time of blessing.

Remember the place.—Port Elizabeth, Show Grounds.

Remember the time.—January 15-25. Remember the appointments with the Lord and your brethren for a spiritual infilling.

SUGGESTED PROGRAMME OF MEETINGS, JANUARY 17-25

Friday Evening

Speaker.—Elder A. N. Ingle.

Sabbath

Prayer Bands.—English, Bro. E. Stevenson; Afrikaans, Bro. P. van der Merwe.

9:30 Sabbath School.

11:00 Preaching.—Elder J. F. Wright.

(Bro. Combrinck.)

2:30 Preaching.—Elder A. F. Tarr.

(Bro. Raubenheimer.)

2:45 Children's Meeting.

2:45 Juniors' Meeting.

2:45 M. V. Meeting.

4:00 Evangelists' Symposium.

Sundown.—Song Service (Bro. McDonald.)

8:00 Preaching.—Elder P. A. Venter.

Sunday

Prayer Bands.—English, Bro. W. Hayter;

Afrikaans, Bro. A. J. Herholdt.

Meetings as shown on daily programme.

Departmental.—Sabbath School.

11:00 Preaching.—Elder J. F. Wright.

3:45 Speaker, Bro. L. A. Vixie.

8:00 Speaker, Elder W. L. Hyatt.

Monday

Prayer Bands.—English, Bro. S. Hiten; Afrikaans, Bro. J. J. B. Combrinck.

Meetings as shown on daily programme.

11:30 Speaker, Elder L. L. Moffitt.

3:45 Speaker, Elder A. W. Staples.

Departmental.—Publishing.

8:00 Speaker, Elder J. Raubenheimer.

Tuesday

Prayer Bands.—English, Bro. W. D. Eva; Afrikaans, Bro. V. N. Visser.

Meetings as per daily programme.

Departmental.—Home Missionary.

11:30 Speaker.—Elder L. L. Moffitt.

Field Day.

8:00 Speaker, Elder J. Raubenheimer.

Wednesday

Prayer Bands.—English, Bro. Fowler; Afrikaans, Bro. H. Ficker.

Meetings as per daily programme.

Departmental.—Missionary Volunteers.

11:30 Speaker, Elder H. M. Sparrow.

3:45 Speaker, Elder W. L. Hyatt.

8:00 Speaker, Elder A. W. Staples.

Thursday

Prayer Bands.—English, Elder Rogers; Afrikaans, Bro. W. Marais.

Meetings as per daily programme.

Departmental.—Education.

11:30 Speaker, Elder H. M. Sparrow.

3:45 Speaker, Bro. F. E. Potter.

8:00 Elder A. C. Le Butt.

Camp-meeting time draws near and this is almost the final appeal that can be made to our constituents throughout South Africa. If you desire a room booked please send in full details to P. O. Box 256, Bloemfontein, stating the type of room required and number wanting accommodation. Plan now to attend the conference. Send in immediately for your concession form if one is desired.

Friday

Prayer Bands.—English, Bro. D. A. Webster; Afrikaans, Bro. A. Boekhout.

Meetings as per daily programme.

Departmental.—Medical.

11:30 Speaker, Elder J. F. Wright.

3:45 Speaker, Elder F. G. Clifford.

8:00 Speaker, Elder W. H. Hurlow.

Sabbath

Prayer Bands.—English, Bro. McDonald; Afrikaans, Bro. D. A. de Beer.

Sabbath School.

11:00 Preaching.—Elder J. F. Wright.

2:30 Preaching.—Elder A. F. Tarr.

4:00 Preaching.—Elder A. N. Ingle.

Sundown.—Song Service (Bro. McDonald.)

8:00 Preaching.—Elder F. G. Clifford.

Interpreters.—Brothers Combrinck and

Van der Merwe.

SUGGESTED PROGRAMME FOR CAMP-MEETING WEEK JANUARY 17-25 INCLUSIVE

Morning

Prayer Bands	6:45
Breakfast	7:45
Devotional	8:45
M. V. Meeting	8:45
Departmental	10:00
Junior Meeting	10:00
Children's Meeting	10:00
Preaching	11:30

Afternoon

Dinner	1:00
Council Hour	2:30
Bible Study	3:45
Children's Meeting	3:45
Junior Meeting	3:45
M. V. Meeting	3:45
Workers-Laymen Contact Hour	5:00
Supper	6:00

Evening

Choir and Orchestra Practise	7:00
Song Service	7:40
Preaching Service	8:00

Sabbath morning, after breakfast, there will be Sabbath school at 9:30 followed by the 11:00 preaching service.

The opening service of the camp-meeting proper will be Friday evening, January 17.

The business session will convene Wednesday morning, January 15 at 9:00.

Yours in the Master's service,
A. N. INGLE, President.



The Responsibility of Every Seventh-day Adventist

"THANK God for those who are willing to consecrate their lives to the literature ministry. It is all very well for us to pay honour to those who do this work, but I want to say here that the responsibility for this work rests upon every member of the cause.

"To our ministers and mission directors I would say, it is your duty and responsibility to foster the colporteur work and to do everything within your power to promote the circulation of our literature, and to encourage our colporteurs to do their best. It is your duty to train young people to go out and engage in the colporteur work."—J. H. McElhany, Vice-president General Conference, at campmeeting in Tokyo, Japan, May, 1935.



Wanted

ADVENTISTS motor driver, with mechanical experience, for transport in Bechuanaland. Apply: Transport, P. O. Taungs, Bechuanaland.